

DISSIPELSKAP LES 38

| | |
|---|-------|
| 1 | GEBED |
|---|-------|

Bid vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

| | | |
|---|------------------|----------------------------------|
| 2 | DEEL (20 minute) | [STILTETYE] JOSUA 5:13 – 8:35 |
|---|------------------|----------------------------------|

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Josua 5:13 – 8:35). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| | | |
|---|--------------------------|--|
| 3 | MEMORISERING (20 minute) | [DISSIPELSKAP] HEERSKAPPY. ROMEINE 12:1-2 |
|---|--------------------------|--|

Die vierde reeks (D) memoriseringsverse word "Disdipelskap" genoem. Die vyf Bybelverse is:

- (1) Heerskappy. Romeine 12:11-12
- (2) Selfverloëning. Lukas 9:23
- (3) Dien. Markus 10:45
- (4) Gee. 2 Korintiërs 9:6-7
- (5) Dissipels maak. Matteus 28:18-20

A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Lees Romeine 12:1-2; Romeine 6:13,19. "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. ...

Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil ... soos julle elke deel van julle liggame in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel het en losbandig gelewe het, so moet julle nou elke deel van julle liggame in diens van God stel om heilig te lewe.

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

| | |
|-----|---|
| (1) | <p style="text-align: center;">Heerskappy Romeine 12:1-2</p> <p style="text-align: center;">En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.</p> <p style="text-align: center;">Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. ...</p> <p style="text-align: center;">Romeine 12:1-2</p> |
|-----|---|

| |
|---|
| <p style="text-align: center;">Romeine 12:1-2</p> |
|---|

1. Die basis vir die bring van offers.

Hierdie Bybelgedeelte begin met die woorde, “En nou ... op grond van die groot ontferming van God” en is ’n verwysing na alles wat daar in hoofstuk 1 tot 11 geskrywe staan. Christene kan hulle liggame as lewende offers aan God wy, omdat God eerste sy enigste Seun vir hulle opgeoffer het! God vra nooit toewyding van Christene as Hy nie eers hulle in staat stel om hierdie toewyding te maak nie! Hy offer eers Jesus Christus vir ons en vra daarna dat ons onself vir Hom offer.

2. Toewyding van ons liggaam.

(1) Ons liggaam.

Hier is ons “liggaam” nie maar net ons fisiese liggaam nie, maar ons hele wese: ons gees met sy persoonlikheid en al ons liggaamsdele wat uitdrukking gee aan die funksies van ons gees. Die liggaamdele is die instrumente waarmee ons God se doel en bedoelings uitvoer. In die lewe vorm ons liggaam en ons gees (siel) ’n absolute eenheid wat nie van mekaar geskei kan word nie. Ons “siel” is die lewensasem of die beginsel van lewe in ons. Dit is die nie-materiële onsigbare element van ons menslike natuur, veral in verhouding tot ons liggaam en ons lewe op hierdie aarde. Ons “gees” is dieselfde nie-materiële onsigbare element van ons menslike natuur, veral in verhouding tot God.

(2) ’n Lewende offer.

Gedurende die Ou-Testamentiese tyd was alle offers wat mense gebring het diere wat met hierdie spesifieke doel gedood is. Die diereoffers was soos ’n skadu of tipe wat vervul en afgesluit is deur die soenoffer van Jesus Christus (Hebreeërs 9:11-14; Hebreeërs 10:1-4). Maar gedurende die Nuwe-Testamentiese periode is die offers wat Christene moet bring: “met liggaam en siel doelbewus vir Christus te lewe” (Kolossense 1:16)! In die tyd van die Ou Testament is die offers periodiek gebring (bv. tydens die tempeldiens en tempelfeeste). Maar in die Nuwe-Testamentiese era bring Christene hulle lewende offer *eens en vir altyd*¹ en stel hulle lede *nie langer*² as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel³ julleself *eens en vir altyd* as ’n werktuig vir die geregtigheid (Romeine 6:13,19). God se wil is dat Christene voortdurend vir Hóm leef.

Ons kan ons lewens níe opoffer vir God as ons nog die ou natuur het en die ou natuur nie wil sterf nie. Ons ou (sondige) natuur wil liever die sonde geniet en sy selfsugtige begeertes bevredig. Die ou natuur wil “eet en drink want môre sterf ons” (1 Korintiërs 15:32). Dit wil elke druppeltjie van geluk uit die lewe uitpers. Ons ou natuur wil vir homself lewe en soms roekeloos lewe as ’n verslaafde, ’n maniak of ’n terroris.

Die oomblik as Jesus Christus in ons hart en lewe inkom, word ons ou natuur aan die kruis vasgespyker en moet daar vasgespyker bly. Die Gees van Christus skep in ons binneste ’n nuwe natuur, wat ons ervaar as “wedergeboorte”. Ons nuwe natuur het die gesindheid van Christus en wil onselfsugtig leef vir Christus en ander mense.

(3) ’n Heilige offer.

Die woord “heilig” beteken “afsonder van die kwaad” en “toegewy aan God”. Die Heilige Gees maak dat ons die sonde in elke vorm gaan haat en onself toewy om onbesproke vir Christus te leef. “Heiligheid” word uitgedruk in al die eienskappe van God bv., God se liefde is heilig - dit is nooit bevooroordeel nie. God se geregtigheid is heilig – dis volkome vry van elke vorm van onreg, volgens God se geopenbaarde morele wette, waardes en norme en absoluut billik en onpartydig. So is ook God se waarheid, barmhartigheid, trou en ander eienskappe volkome heilig. God verlang dat Christene ook so regverdig en heilig sal leef. Deur die inwonende Heilige Gees kan Christene regverdig en heilig lewe.

(4) ’n God welgevallige offer.

Het woord “welgevallig” (Romeine 12:1 AOV, “wat vir Hom aanneemlik is” ANV) beteken dat God hierdie offers verwelkom en dat dit Hom bly maak. Waar Christene ookal rondbeweeg, moet hulle hulself afvra, “Hou God van hierdie plek en hierdie mense?” “Wat sou Jesus gedoen het as Hy in my posisie was?” Dít kan Christene alleen uitvind deur die Bybel te lees en hulle te onderwerp aan die leiding van sy Gees.

(5) ’n Geestelike daad van aanbidding of diensvaardigheid.

Die woord “redelik” (AOV) beteken wat reg, goed en betaamlik in God se oë is. Dus wanneer Christene hul liggaam en gees as ’n lewende, heilige en Godwelgevallige offer bring, doen hulle wat reg, goed en betaamlik is in God se oë! Dan is Christene regtig “geestelik”. ’n Christen is nie geestelik as hy emosioneel en ekstasies is nie, maar wanneer hy sy lewe vir Christus leef. Hy is nie net geestelik tydens die eredienste op Sondag nie, maar ook tydens die gewone lewe van Maandag tot Saterdag.

3. Toewyding van ons gesindheid.

(1) Sê “nee” vir uiterlike gelykvormigheid aan die wêreld.

Moenie jou laat vorm deur die tydsgees of die selfgesentreerde dinge van die wêreld nie. Egte Christene vermy en weerstaan die invloede van ateïstiese filosofieë, valse godsdienste, seksuele immoraliteit, slegte vriende, afbrekende gesprekke, vuil tydskrifte, twyfelagtige aktiwiteite, verleidelike kleredrag, ekstremistiese politiek, eksperimentering met

¹ Grieks: παραστησαι (infinitief, aoristus tyd)

² Grieks: παριστανετε (imperatief, onvoltooide teenwoordige tyd)

³ Grieks: παραστησατε (imperatief, aoristus tyd). “Eens en vir altyd” word in die tyd van die werkwoord geimpliseer.

verdowningsmiddels, lewensgevaarlike sport, ens. Egte Christene weerstaan slegte invloede. Verstandige Christene pas nie hulle uiterlike lewensstyl en gedrag aan by mense wat die mode bepaal nie, gaan niet uit hulle pad om by die musiek, sang en danse van die popsangers in die wêreld te wees nie, en swig nie onder die sosiale druk van hulle tydgenote nie. Hulle laat nie toe dat die aantreklikhede van die wêreld, die tydsgees of groepsdruk van hulle tydgenote hulle optrede en lewe bepaal en vorm nie. Hulle hou op om aanstootlike of radikale dinge te sê, om vieslike tydskrifte te lees, om na verkeerde musiek te luister en om na immorele televisieprogramme of webwerwe te kyk. Hulle dra nie meer verleidelike klere nie en kruip nie weg agter oormatige aangeplakte grimering. Hulle gee nie langer aanstoot aan ander mense waarmee hulle saamleef nie, soos rook in die publiek, rommel op straat te gooi of hande uit laat op speelveldjies waar kinders graag speel. Hulle stop alle twyfelagtige aktiwiteite en sluit nie intieme vriendskappe met mense wat die wêreld liefhet nie.

(2) Sê "ja" vir innerlike transformasie (verandering) volgens God se wil.

Wy jou telkens weer daaraan toe om jou denke te vernuwe. Terwyl gelykvormigheid aan die wêreld begin met aanpassing by die uiterlike modes en gedrag van mense van die wêreld, begin transformasie (verandering) by die innerlike vernuwing van jou denke, geloofsoortuigings, motiewe en houdings in ooreenstemming met die wil van God soos dit geopenbaar is in die Bybel. Werk saam met God se Woord en Gees. Innerlike transformasie kom uiteindelik navore in 'n uiterlike gedrag en lewensstyl waar God van hou.

4. Sake om in gedagtes te hou by die soek na God se wil.

Daar is vyf sleutels om God se wil te beproef (te soek/toets):

- Johannes 15:5. Wy jou aan 'n persoonlike en intieme vertrouensverhouding met Jesus Christus.
- Lukas 6:46-49. Gehoorsaam God se geopenbaarde wil in die Bybel.
- Romeine 8:28. Onderwerp jou aan God se verborge soewereine wil soos Hy dit in (moeilike) omstandighede openbaar.
- Romeine 12:2. Word verander deur die vernuwing van jou denken; m.a.w., staak twyfelagtige sake en begin goeie dinge.
- Romeinen 12:1. Neem selfopofferende besluite. I.p.v. om op jou regte te staan, soek die belange van andere. I.p.v. om 'n suksesvolle loopbaan op te bou ten koste van jou gesin, belê eerder in verhoudings in jou gesin tuis en jou geestelike familie in die Gemeente van Christus. I.p.v. gunste te bewys aan mense wat jou 'n guns bewys het, of van wie jy dalk 'n guns gaan nodig hê, nooi die armes, verdruktes en gestremdes mense uit om jou lewe mee te deel (Lukas 14:12-14).

B. MEMORISERING EN HERHALING/REPETISIE

1. Skryf.

Skryf die Bybelvers op 'n kaartjie of op 'n bladsy van 'n notaboekie.

2. Leer.

Leer die Bybelvers op de korrekte manier uit jou kop. (1) Heerskappy. Romeine 12:1-2.

3. Repeteer.

Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste gememoriseerde Bybelvers na.

| | |
|---|---|
| 4 | BYBELSTUDIE (70 minute) [LEWE IN DIE WÊRELD] GELD IN DIE WÊRELD. 1 TIMOTEUS 6:3-19 |
|---|---|

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit 1 Timoteus 6:3-19.

STAP 1. LEES.

GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan 1 Timoteus 6:3-19 saam bestudeer.

Laat elke lid van die groep om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK.

WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in die Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en aantekeninge neer te skryf, laat hulle in die kring beurte maak om te vertel wat hulle ontdek het.

(Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings as hierdie maak.)

6:6

Ontdekking 1. Godsvrug met tevredenheid is 'n groot wins.

Dit is jammer dat sommige mense wat hulleself Christene noem, net begaan is oor die maak van geld en meer winste. Die Bybel leer egter dat goddelike vroomheid (goddelike geloof, goddelike daade, goddelike aanbidding – m.a.w.

godsdien) tesame met tevredenheid met wat jy het, 'n veel groter wins is. Dit is dus belangrik om te ontdek hoe om ware vroomheid (godsdien) en ware tevredenheid te kombineer.

6:18-19

Ontdekking 2. Belê/Investeer in die Koninkryk van God.

Al is jy ryk of arm, investeer in die Koninkryk van God. Leer dus hoe om die beste finansiële beleggings in die Koninkryk van God te maak, en so 'n skat in die hemel bymekaar te maak, waar geld nooit devalueer of gesteel kan word nie.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Overweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in 1 Timoteus 6:3-19 te begryp en vrae te stel oor wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek op.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag voor te lees in die kring.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording daarvan kan vergemaklik.

6:5

Vraag 1. Hoe gebeur dit dat valse leraars godsdien beskou as 'n middel om mee ryk te word?

Aantekeninge. Gedurende die eerste eeu was daar valse leraars wat die waarhede van die Bybel vermeng het met hulle eie fantastiese verbeelding. Hulle het baie hare gekloof en in verskillende argumente betrokke geraak in spekulasies m.b.t. die Joodse wet en versoening van Joodse genealogiese verhale. Hulle het willekeurig 'n naam gevat uit die Bybelse geslagsregisters in Genesis of Kronieke en dan het hulle 'n mooi verhaal daaromheen gespin. Dit het 'n gereelde faset van die onderrig in die Joodse sinagoges geword en is later in die Haggada en Talmoed opgeteken. Die leraars het finansiële wins gemaak met hulle valse leerstellings. Eers het hulle 'n groot skouspel van hulle godsdien gemaak, sodat baie mense daarmee te doen gekry het. Hulle organiseer dan hulle godsdienstige kursusse waarvoor mense baie moes betaal. Op hierdie manier het hulle godsdien misbruik om ryk te word. Hierdie valse godsdienstige groepe het hulle godsdien aan mense verkoop.

Vandag is hulle nog steeds baie aktief. Hulle gee godsdienstige kursusse en verwag dat mense baie geld daarvoor moet betaal. Hulle verkoop ook hulle godsdienstige kursusse, boeke en DVD's vir baie geld. Ander godsdienstige groeperinge koop mense met geld of gunsies om om by hul godsdien aan te sluit. Hulle sê byvoorbeeld vir mense, "Julle kry 'n mooi televisie of selfs 'n vaste werk as julle weekliks ons byeenkomste bywoon. Pas dus op vir soortgelyke valse godsdienstige groeperinge! Jesus Christus het gewaarsku dat mense wat die leuen gedien het, in die vuurpoel met brandende swael sal beland (Openbaring 21:8)!

6:10

Vraag 2. Waarom word geldgierigheid 'n wortel van allerlei kwaad genoem?

Aantekeninge. Geld op sigself is nie sleg nie, maar geldsug of liefde vir (meer) geld is wel één van die wortels van allerlei kwaad! Bitterheid (bv. onvergewensgesindheid) is 'n ander wortel van allerlei kwaad (Hebreërs 12:15).

In die Bybel lees ons hoe geldsug baie kwaad veroorsaak het. In Markus 10:21-22 draai 'n jongman sy rug op Jesus, omdat hy meer hou van sy groot rykdom dan van Jesus. In Lukas 16:19-31 versuim 'n ryk man om barmhartig te wees teenoor 'n arme bedelaar, Lasarus, wat by sy hek lê en bedel. Hy sterf en gaan reguit hel toe waar hy helse pyne ly. In Lukas 22:1-6 het Judas ooreengekom om Jesus te verrai vir 'n groot som geld. Toe hy later spyt is daarvoor, neem hy sy eie lewe. In Handeling 5:1-11 vertel Ananias en Saffira leuens oor die stuk grond wat hulle verkoop het en val dood neer. In Jakobus 5:1-6 maak mense rykdom vir hulleself bymekaar, leef 'n weelderige en losbandige lewe, terwyl hulle die salarisse van hulle werknemers terughou. Hulle vermoor selfs onskuldige mense om ryk te kan word. Jakobus waarsku dat hierdie mense só hulleself regkry vir die groot slagdag by die laaste oordeel.

Geldsug maak dat sommige mense sal trou net t.w.v. geld om daarna in baie huweliksprobleme vasgevang te word. Geldsug maak dat sommige sakemanne oneerlik word, omkoopgeskenke gee en aanneem en nie terugdeins vir korrupsie nie. Geldsug maak dat sommige politici en bankiers lieg, finansiële skandale veroorsaak en selfs hulle eie land uitbuit om hulleself te verryk.

Geldsug maak dat baie mense deelneem aan loterye en dobbelary (bv. in casinos) en in groot skuld beland. Geldsug maak dat baie mense omkoopgeld gee of ontvang om sake te kan doen, om 'n regspraak te kan wen of om lede vir 'n bepaalde politieke party of godsdienstige groep te wen. Geldsug dryf mense tot diefstal, roof en selfs moord. Geldsug is dus 'n wortel van baie kwaad in die wêreld!

6:10

Vraag 3. Watter invloed kan geldsug op jou lewe hê?

Aantekeninge.

(1) Geld kan nie van jou 'n tevrede of gelukkige mens maak nie.

Prediker 5:10-11 sê, “Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie. Ook hier kom dit tot niks. As die goeie dinge van die lewe baie word, word die eters ook baie; al wat die eienaar daaraan het, is om dit te aanskou.”

Geld kan vir jou geen tevredenheid, geluk of vrede in die lewe bring nie.

(2) Geld kan God se Woord in jou lewe verstik.

Markus 4:18-19 sê dat die sorge rondom die daaglikse bestaan, en die verleiding van rykdom en die verlange na allerlei ander dinge die Woord van God in jou hart kan verstik sodat dit nie vrug dra nie. Geldsug en rykdom kan die oorsaak wees waarom God se Woord geen invloed op jou lewe het nie.

(3) Geld kan die oorsaak wees dat jy die hoogste doel in jou lewe mis.

Lukas 12:13-21 vertel van 'n ryk man wat so ryk geword het dat hy nie meer genoeg ruimte gehad het om sy voorraad in op te berg nie. Hy het groter skure gebou en vir homself gesê, “Hou op met werk (gaan bv. op pensioen): eet, drink en leef lekker.” Maar God het vir Hom gesê, “Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymeekaargemaak het? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie.” Geldsug en rykdom kan die oorsaak wees dat jy die hoogste doel in jou lewe (om God en jou naaste lief te hê) mis.

(4) Geld kan van jou 'n afgodsdienaar maak.

Matteus 6:24 sê, “Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon (d.i. die geldgod) dien nie.” Geldsug en rykdom (d.w.s. materialisme) kan veroorsaak dat jy 'n afgodsdienaar word wat net leef om de geldgod te dien.

Samevatting. Geldsug het 'n baie slegte invloed op Christene. Later sal ons sien dat geld ook 'n baie goeie invloed kan hê.

6:10

Vraag 4. Wat veroorsaak korrupsie?

Aantekeninge.

(1) Verskillende vorms van korrupsie.

“Korrupsie” is om geld of wins op 'n onwettige manier te maak of geld te gebruik om onwettige praktyke uit te voer. Voorbeelde van die pleeg van korrupsie: deur te steel of te roof (dink aan die bankrowe)(Levitikus 19:11-13), deur geleende geld nie terug te betaal nie (dink aan slechte hypotheke) (Psalm 37:21), deur die loon van arbeiders terug te hou (Jakobus 5:4), deur oneerlike maatstawwe in die handel te gebruik (dink aan handel met die derde wêreld – “onbillike handelspraktyk”) (Deuteronomium 25:13-15; Spreuke 11:1), deur rykdom onregverdig te verkry (dink aan casinos, dwelmshandel en prostitusie) (Spreuke 16:8), loterye, weddenskappe en dobbelary is voorbeelde van rykdom op oneerlike manier kry). Hierdie dinge is nie voordelig vir die mens nie (Spreuke 10:2) en lei tot die dood (Spreuke 1:19)! Die pleeg van korrupsie deur omkoopgeld en geskenke uit te deel (Spreuke 17:8), en verdraaiing van die reg deur andere om te koop (dink aan omkoop praktyke in die politiek, regssake en selfs in sport) (Spreuke 17:23). 'n Mens is korrup as hy 'n sogenaamde “geskenke” gee wanneer handelsooreenkomste gesluit word! Hy is korrup as hy die jurie of regter omkoop om 'n 'n uitspraak in sy guns te maak of selfs 'n teenstander uit die weg te ruim! Hy is korrup wanneer hy eenvoudige mense met televisies omkoop om by sy godsdienstige groep aan te sluit of met 'n meisie te trou sodat sy haar godsdiens moet verander. Hy is korrup as hy sy besittings vermeerder deur woekerrente (Spreuke 28:8), as hy mense afpers (Prediker 7:7), as hy geld van die restaurant en winkel eienaars eis om hulle bedryf sogenaamd te beskerm. As hy hom nie laat afpers nie, dan word sy besigheid deur die afperser verniel! Dit is korrupsie as sigarette en dwelmiddels verkoop word, as hy ten onregte reklame maak vir uitgewes wat hy nie gemaak het nie, valse kwitansies uitkryf of selfs valse diplomas, paspoorte en rybewyse verkoop. Hy is korrup as hy vals geld en kredietkaarte druk. Hy is korrup as hy internet-bedrog pleeg. Hy is korrup as hy betrokke is by geldwassery. Hy is korrup as hy belasting ontduik, ens.

(2) Die straf vir korrupsie.

God haat korrupsie! God sal elke vorm van korrupsie straf! Wat gebeur met mense wat omkoopgeskenke gee of aanneem? Die Bybel waarsku dat elke korrupte mens in groot gevaar verkeer! As iemand omkoopgeskenke gee of aanneem, word hy moreel korrup en onregverdig in God se oë. Deur misdadigers te steun en die lyding van onskuldige mense te vergroot, is hy besig om sy eie lewe, sy gesin, sy kerk, sy gemeenskap en sy land te vernietig! Nog erger, die Bybel sê, “Daar rus 'n vloek (van God) op elkeen wat omkoopgeld aanvaar om 'n onskuldige dood te maak” (Deuteronomium 27:25); “vuur sal die huis van die omkopers verteer” (Job 15:34); hy sal in die ewige vuur gegooi word, omdat hy 'n ander tot 'n val gebring het (Matteus 18:7-9)!

6:6-12

Vraag 5. Hoe behoort die leefstyl van 'n Christen te lyk?

Aantekeninge.

(1) Christene behoort onder alle omstandighede tevrede te wees.

Die verlange om ryk te word, verhinder godsvrug (godelike gesprekke, handeling en karakter). Maar tevredeheid bevorder godsvrug. Christene moet daarop let dat hulle niks ingebing het in die wêreld toe hulle gebore is nie en dat hulle ook niks daaruit kan saamvat as hulle sterf nie. Geld is altyd 'n tydelike besitting! Christene behoort eerder na te dink oor hoe hulle in die kort lewe op aarde hulle geld sal gebruik om godsvrug te dra, d.w.s. om die Koninkryk van God te bevorder (1 Timoteus 6:17-19)! Christene behoort tevrede te wees met die voorsiening vir die noodsaaklike behoeftes in die lewe, soos voedsel, kleding en 'n dak oor hulle kop.

(2) Christene behoort van geldsug af weg te vlug.

Christene is nie langer aanhangers van die geldgod nie, maar volgelingen van die God van die Bybel. Hulle gehoorsaam nie langer die eise wat geld aan hulle stel nie, maar gehoorsaam God. Hulle ontvlug valse leerstellings, 'n ongesonde genot in redenasies, twis en rusie, afgunst, onenigheid, laster, kwaadwillige verdagmaking, korrupsie, geldsug en ontevredeheid.

(3) Christene behoort godsvrug na te jaag.

Christene behoort te streef na regverdigheid, vroomheid (godsvrug), geloof, liefde, volharding en sagmoedigheid. Volharding is die vrug van hoop (1 Tessaloniense 1:3). Geloof is die aktiewe afhanklikheid van God en sy beloftes (Hebreeërs hfst. 11). Geloof, hoop en liefde is die drie kerneienskappe van Christene (Romeine 5:2-5; 1 Korintiërs 13:13; Galasiërs 5:5-6; Efesiërs 4:2-5; Kolossense 1:4-5; 1 Tessaloniense 1:3; 1 Tessaloniense 5:8; Hebreeërs 6:10-12).

(4) Christene behoort die goeie stryd van die geloof te stry.

“Stry voortdurend⁴ die goeie stryd van die geloof”. Die woord “stry” hoort bij worsteling en atletiek (1 Korintiërs 9:25; Hebreeërs 12:1), maar ook by die geestelike stryd (Filippense 1:30; 1 Tessaloniense 2:2). Die christelike “boodskap en leer oor Christus” is die objektiewe geloof en persoonlike vertroue in Christus is die subjektiewe geloof. Gryp eens en vir altyd⁵ die ewige lewe. Toe Christus jou geroep het, het Hy jou gegryp. Maak nou die lewe wat by die God van die Bybel hoort tot jou permanente besit. Maak seker dat Jesus Christus in jou is. “Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie—as julle ten minste nie verwerplik is nie! (2 Korintiërs 13:5).

(5) Christene moet volhard in die taak wat hulle ontvang het.

Timoteus se verantwoordelikheid was om 'n voorbeeld vir ander gelowiges te wees oor hoe 'n mens as Christen moet leef (1 Timoteus 4:12) en om sy Godgegewe taak in die gemeente uit te voer. Christene behoort ook hierdie bevel uit te voer op 'n wyse dat mense nie a.g.v. hulle versuim negatiewe opmerkings oor Christene kan maak nie.

6:17-19

Vraag 6. Wat behoort die leefstyl van 'n ryk Christen te wees?

Aantekeninge. Dis nie verkeerd vir 'n Christen om ryk te wees nie, maar dis wel verkeerd om selfsugtig te wees! Dis verkeerd om rykdom na te jaag. Dis ook verkeerd om ryk te word deur korrupsie. Maar dit is nie verkeerd as God baie geld aan 'n Christen toevertrou het nie. Die ryk Christen moet besef dat God hom rykdom gegee het sodat hy sy rykdom kan gebruik soos God wil hê dat hy dit doen! God gee ryk Christene 'n baie besondere taak in sy Koninkryk.

(1) Wat ryk mense nê moet doen nie.

Ryk mense mag nie hoogmoedig en arrogant wees nie. Hulle mag nie hulle hoop (verwagting) stel op hulle rykdom nie, maar moet net op God vertrou om hulle verder te gebruik.

(2) Wat ryk mense wel mag doen.

Ryk mense mag van hulle rykdom geniet.

(3) Wat ryk mense móet doen.

Ryk mense moet hulle rykdom ook gebruik om goeie dade te doen. Hulle moet vrygewig wees en hulle rykdom met andere deel. Dit doen filantropie (liefhebbers van mense) ook. Maar wat is die verskil tussen christene en filantropie? Christene maak vir hulle 'n skat in die hemel (by God) bymekaar. Jesus het gesê, “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak waar mot en roes dit verniel en waar diene inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel en waar diene nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees” (Matteus 6:19-21). Paulus voeg hieraan toe, “So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware (ewige) lewe sal verkry” (1 Timoteus 6:19). Omdat Christene hulle rykdom belê of investeer in die huidige en die toekomstige Koninkryk van God en in die ware lewe wat tot in ewigheid duur, is hulle doelstellings véer meer as maar net filantropies!

⁴ Grieks: 'n bevel, onvoltooide teenwoordige tyd

⁵ Grieks: 'n bevel, aoristus tyd

Daarom kry ryk of welaf Christene 'n besondere taak. Hulle moet hulle geld op die slimste manier belê (investeer) in die Koninkryk van God. Hulle kan byvoorbeeld christengemeentes in arm lande help soos die gemeente in Masedonië die gemeente in Palestina gehelp het tydens die groot droogte en hongersnood. Hulle kan ook sendelinge en sendingprojekte ondersteun. Dit gebeur op baie plekke in die wêreld.

Vraag 7. Wat behoort die leefstyl van 'n Christen in 'n hoë posisie te wees?

Aantekeninge. Daniël 6:4-5 sê, “Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitblink bo die ander ministers en die goewerneys-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel. Die ministers en die goewerneys-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie.”

Christene in hoë posisies se lewens moet wees soos die van Daniël.

Korrupsie is wydverspreid onder sakemanne, politici en leiers van ekstremistiese godsdienstgroepe. Hulle veroorsaak onbeskryflike lyding onder onskuldige mense ten einde hulle persoonlike of groepsdoelstellings te bereik. Gelukkig word baie uitgang en raak dan in onguns by mense.

Daniël het so in 'n wêreld geleef en dit gewaag om anders te wees! Daniël het hom onderskei van korrumpie leiers! Sy vyande het 'n komplot teen hom gesmee en het uiteindelik dit reggekry om Daniël in die leeu kuil te laat gooi. Maar God het die bekke van die leeu gesluit en gesorg dat Daniël in die hele ryk geëer word. Die Bybel het dit opgeteken om Christen sakelui, politici, regters en ander leiers aan te spoor om die waagmoed aan die dag te lê om anders te wees en hulle te onderskei van korrumpie leiers in die wêreld. Christene in hoë posisies moet onberispelik wees, volkome betroubaar, eerlik en nooit hulle plig versuim nie!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN DIE BYBELGEDEELTE IS MOEILIK VIR CHRISTENE OM TOE TE PAS?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit 1 Timoteus 6:3-19.

Overweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om die persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(LW.: Hoewel die waarheid dieselfde bly, is daar 'n hele klomp verskillende toepassings van die waarheid moontlik. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit 1 Timoteus 6:3-19.

- 6:3. Vermy valse leraars. Moenie hulle in jou huis verwelkom nie (2 Johannes 10-11).
- 6:4. Vermy mense wat altyd wil redekawel en rusie maak. Hulle doel is dikwels om Christene en die Bybel in 'n slegte lig te stel.
- 6:5. Vermy mense wat geld probeer maak uit die verkoop van hulle godsdienste (bv. die voorspoedsteologie) of hulle godsdienstige boeke, DVDs en kursusse.
- 6:6-8. Wees tevrede as jy kos en klere het.
- 6:9-11. Vermy elke vorm van geldsug. “Moet jou nie afsloof om ryk te word nie en moenie jou sin vir waardes verloor nie. Jy het nog skaars die rykdom gesmaak of dit is weg; dit kry vlerke en vlieg die lug in soos 'n arend!” (Spreuke 23:4-5).
- 6:11. Streef na geregtigheid, godsvrug (vroomheid), geloof, liefde en hoop.
- 6:12. Stry die goeie stryd van die christelike geloof.
- 6:14. Vervul getrou jou Godgegewe taak.
- 6:17. Christenleiers moet ryk Christene leer om nie arrogant te word omdat hulle ryk en magtig is.
- 6:18. Christenleiers moet ryk Christene leer om ryk te wees in goeie dae en mededeelsaam te wees.
- 6:19. Christenleiers moet ryk Christene leer om hulle rykdom in die hemelse bank te belê en in die Koninkryk van God te investeer.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit 1 Timoteus 6:3-19.

Ek wil 'n goeie rentmeester wees van die besittings wat God aan my toevertrou het. Ek wil tevrede wees as ek kos en klere en 'n dak oor my kop het. Ek wil 'n deel van my besittings belê (/gebruik/investeer) in maatskaplike projekte, bv., arm en minderbevoorregte kinders in arm lande. Ek wil ook in geestelike projekte belê, soos sendelinge en die toerusting van dissipels en geestelike werkers oral in die wêreld.

Ek wil myself as 'n Christen onderskei in my gemeenskap. Ek wil onberispelik wees m.b.t. die verkryging en besteding van geld. Ek weier onder alle omstandighede om steekpenninge en andere vorms van omkoopgeskenke te gee of te aanvaar. Ek wil geld op 'n absoluut eerlike manier verkry, ryk wees in goeie dae en bereid wees om dit wat ek het met die armes te deel. Ek wil nie wees soos die korrumpie leiers in die wêreld nie, maar God met my manier van leef verheerlik.

STAP 5. BID.**REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in 1 Timoteus 6:3-19.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, deur bv. net één of twee sinne te sê. Elkeen in die groep sal verskillende dinge bid.)

| | | |
|---|------------------|---|
| 5 | GEBED (8 minute) | <i>[VOORBIDDING]</i> <i>BID VIR ANDERE</i> |
|---|------------------|---|

As daar tyd oor is, gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

| | | |
|---|--------------------------|--|
| 6 | VOORBEREIDING (2 minute) | <i>[OPDRAGTE]</i> <i>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</i> |
|---|--------------------------|--|

Deel die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit.

- 1 Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van 1 Timoteus 6:3 - 19 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Rut 1 - 4. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode.
3. Memoriserings. Oordink en leer uit jou kop. (1) Heerskappy. Romeine 12:1-2. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.